

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges wedergebore is deur die ewangelie-verkondiging. Dit wys ook dat die wedergeboorte van die moderne Christelikheid iets anders is. Dit is identifikasie met God se goddelikheid. Dit is sonde wat aan die kerk opgedring word asof dit wedergeboorte is.

Skriflesing 1 Petrus 1: 1 – 5; 10 – 12; 22 – 25.

Teks 1 Pet. 1: 23: “Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.

Tema Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

1. Ons vier met die Nagmaal vanoggend Pinksterfees, die fees van die gawe van die Heilige Gees wat Christus aan ons gee.

Volgens 1 Pet. 1: 12 is dit die Heilige Gees wat alles wat Jesus Christus vir ons deur sy opstanding as mens uit die dood uit, (1:3) bewerk het, aan ons meedeel. Deur ons in alles wat die Here Jesus Christus vir ons deur sy dood en opstanding bewerk, te laat deel, bewerk die Heilige Gees in ons die wedergeboorte.

Ons as gelowiges is deur die Heilige Gees wedergebore!

Dit is hierdie Pinkstergawe van die Heilige Gees waarna ons vanoggend spesifiek wil kyk: ons is wedergebore!

Petrus gebruik hierdie woord “wedergebore” twee keer in hoofstuk 1. In vers 3 word in die 2020 vertaling nou gestel dat Christus ons opnuut verwek het. Verwek beteken in ons taal vandag “konsepsie”. Dit is wanneer jy gevorm word as mens in die oomblik wanneer jou pa en ma se RNA molekules een nuwe DNA molekule vorm. Verwek beteken in hierdie vers dat God jou weer maak soos Hy as God jou die eerste keer met konsepsie gemaak het.

Daarom sê vers 23 ons is weer gebore. Weer verwek om ’n nuwe mens te wees en weer gebore om ’n nuwe mens twee.

Dit is wat Christus met ons gedoen het deur die Heilige Gees wat Hy op Pinksterdag vir ons as kerk gegee het: Christus het ons weer verwek en weer gebore laat word.

2. Petrus verduidelik hoe Christus ons weer verwek deur die prediking van die ewangelie, onverganklike saad te noem.

Saad dui hier op die vrugbaarheid van ’n man. Die vrugbaarheid waardeur ’n man ’n kind verwek. ’n Man verwek ’n kind deur sy saad, maar God verwek sy kinders deur die lewende en blywende woord van God – die prediking van ewangelie van Jesus Christus.

Daarom kan ons dit ook met die saad waarmee ons bome plant vergelyk. Dan beteken dit die prediking van die ewangelie van Jesus Christus is die makadamia of avos saad wat deur die Heilige Gees geplant word.

Die ewangeliewoord wat ons hoor, is die onverganklike saad van God. (1:25)

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

Wat is God se saad nie?

Dit is nie God self nie! God plant nie Homself as God of 'n stukkies van sy goddelikheid binne in ons nie. Die saad is nie God se krag, God se mag, God se lewe, God se Persoon of God se wil nie. Die ewangeliewoord oor Jesus Christus wat gepreek word, is die saad waaruit ons wedergebore word.

3. Wanneer jy 'n makadamia of avo-saad in die grond plant, hoe weet jy hierdie saad het ontkiem en begin groei?

Wanneer die makadamia of avo-loot bo die grond uitkom!

Is dit enigsins nodig, nadat die plantjie bo die grond uitgespruit het, om seker te maak of die saad ontkiem het. Is dit nodig om die grond oop te maak, die saad oop te grou en seker te maak dat hierdie makadamia-loodjie het regtig uit die makadamia-saad uitgegroe?

Dit is mos totaal absurd!

Dink jou in dat boere as hierdie boompie opkom, eers die grond moet oopmaak om te kyk of hierdie boompie uit die saad uitgekom het! Dit sal alles doodmaak!

Wanneer die boompie uitspruit uit die grond, dan is dit net omdat die neut ontkiem het en ontwikkel het.

Die boompie wat uitspruit uit die grond – wys die boompie is uit die saad gebore!

Elke makadamia en avo-boompie is gebore uit die saad wat geplant is. Dit kan uit geen ander saad gebore word, ontkiem en ontwikkel en uit die grond uitspruit as uit 'die saad wat geplant is nie.

4. Is ons wedergebore, opnuut verwek deur Christus? Hoe weet ons ons is wedergebore?

Dit is maklik! Kyk na wat die saad is wat geplant word en watter plantjies het opgekom, want die plantjies wat opkom, kom uit die saad. So? Watter plantjies kom op, uit die onverganklike saad van God?

Die saad waaruit Christus ons weergebore laat word, is die ewangeliewoord van Jesus Christus. Dit is die woord wat gepreek word dat Jesus Christus as mens vir ons sondes gely, gesterf het, gekruisig is, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het.

Dit is die onverganklike saad waaruit ons weergebore word!

Hoe lyk die plantjie wat uit hierdie saad ontkiem, ontwikkel en uitspruit?

Dit beskryf Petrus in 1 vers 2 met hierdie kort en kragtige uitdrukking: “om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Christus besprinkel te word”.

Besprinkel met die bloed van Christus, beteken dat jy deur Christus se offerdood 'n mens sonder enige sonde en sondeskuld vir God is. Só lyk hierdie plantjie wat uit die saad van wedergeboorte ontkiem, ontwikkel en uitgespruit het: dit is 'n mens sonder

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

enige sonde en sondeskuld voor God omdat Jesus met sy offer dit alles weggeneem het.

Om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, beteken dit is 'n mens wat deur Christus se heiligheid en regverdigheid as mens, heilig en regverdig gemaak is. Christus maak deur die Heilige die liefde en gehoorsaamheid van hierdie mense, met al die foute en gebreke in hulle gehoorsaamheid en liefde, vir God volkome heilig en reg. Daarom is hulle gehoorsaamheid 'n nuwe gehoorsaamheid want Christus se Gees laat hulle gehoorsaamheid heilig en reg, volmaak wees vir God.

Só lyk hierdie nuwe plantjie wat uit die saad ontwikkel het – dit is mens wie leef in die geloof dat sy liefde en gehoorsaamheid vir God reg en heilig gemaak word deur Christus. En Christus doen dit deur die Heilige Gees!

5. Hierdie brief is geskryf deur die apostel Petrus.

Wanneer hy praat van opnuut verwek en om weer gebore te wees, dan is dit iets wat met hom self gebeur het.

Hoe lyk Petrus voor sy wedergeboorte en Petrus na hy opnuut verwek is? Dit sien ons in Petrus se eie lewe. Die Petrus voor sy wedergeboorte, lyk so: “Toe Jesus Christus vir die dissipels die eerste keer aangekondig het dat Hy vir hulle sonde moet ly, gekruisig word, sterf en dan op die derde dag werklik as 'n mens van vleis en bloed uit die graf moet opstaan, het Petrus Jesus heftig teengegaan en vir Jesus gesê dat God hierdie waansinnige opvatting wat Hy nou het, sal keer. Mat. 16: 22 en 23.

Hierdie is die Petrus wat homself en sy gehoorsaamheid aan God self heilig en reg maak en die Petrus wat self sy sondes met God reg maak. Hierdie is die Petrus wat Jesus, net soos Johannes en Jakobus sal opvolg om na Jesus die Messias vir mense op aarde te wees. Dit is die Petrus wat geglo het dat hy sy lewe sal geen en sy lewe sal aflê vir god en God se saak in die wêreld.

Hoe lyk die Petrus wat nuut verwek is deur die saad van die ewangeliewoord? Die ewangeliewoord wat Jesus self vir hulle gegee het toe Hy vir hulle vertel het dat Hy vir hulle sonde moet ly, sterf en uit die dood uit opstaan?

Hierdie Petrus wat nuut verwek, wedergebore is hoor ons in 1 Petrus 1: 3: “Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê op 'n erfenis wat nooit vergaan nie, besmet word of verwelk nie, en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word”

Hierdie lewende hoop in die hemel, is die lewende mens Jesus Christus wat uit die dood uit opgestaan het. Kan u die verskil tussen Petrus voor sy wedergeboorte en na sy wedergeboorte sien? Die een sê vir Christus dat God Hom sal keer met sy simpelheid om vir sondes te wil sterf en uit die dood uit op te staan. Die Petrus wat nuut verwek is, bely dat Jesus wat vir sondes gesterf en uit die dood uit opgestaan het, sy lewende hoop is – sy lewende hoop dat Hy vir God onskuldig is en sy liefde vir God heilig gemaak is deur hierdie Jesus wat uit die dood uit opgestaan het.

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

6. Dit is hoe ons weet is ons wedergebore!

Ons is die nuwe mense wat gebore is, ontkiem is, ontwikkel het en ontluik het uit die saad van wedergeboorte: die prediking van die ewangelie van Jesus se lyding en opstanding uit die dood uit!

Die saad van wedergeboorte is die ewangeliewoord van en oor Jesus Christus!

Dit is hoe hierdie saad is: dit is Christus se lyding, dood en opstanding vir sondaars wat deur prediking in mense geplant word.

Hoe lyk die plantjie wat ontkiem en uit die saad wedergebore word?

Dit is mense wat deur Christus se offerdood onskuldig vir God gemaak is en mense wie se gebroke liefde vir God die Christus heilig en reg vir God gemaak word.

Petrus gee 'n volledige beeld van hierdie plantjie wat uit wedergeboorte opgekom het in 1: 8: "Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie; en al sien julle Hom nie nou nie, glo julle in Hom, en jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap, omdat julle reeds deel het aan die doel van julle geloof, naamlik die verlossing van julle siele."

Wie is wedergebore? Hulle wat Jesus liefhet al het hulle Hom nog nooit as mens gesien nie en hulle wat glo in Jesus se liefde al het hulle Hom nog nooit gesien nie. Hulle wat Hom vrymoedig liefhet omdat hulle weet Hy laat hulle liefde vir Hom reg en heilig wees deur die Heilige Gees en hulle wat glo Hy het hulle lief as mense sonder sonde en sondeskuld.

Hulle is wedergebore uit die saad – want die saad is die ewangelie woord!

7. Die saad en die plantjie is dieselfde! 'n Makadamia-saad en 'n makadamia-plantjie is dieselfde makadamia. Daar kan nie iets anders uit die saad groei en ontwikkel as wat die saad is nie.

Die onverganklike saad van God waardeur Hy ons verwek en as sy kinders gebore laat word, is die ewangeliewoord van Jesus se lyding en opstanding.

Daarom stel Petrus dit só: "Dit is Hy wat ons deur sy ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood opnuut verwek het." (1: 3) Die nuwe plantjie kom uit die Christus se lyding en dood wat gepreek word.

Die plantjie kom uit die saad is dieselfde!

Die nuwe mense wat nuut verwek is, is mens wie glo in sy liefde dat ons vir God sonder sonde en onskuldig is en mense wat Christus liefhet in die geloof dat ons gebroke liefde maak Hy heilig en reg vir Hom deur sy Heilige Gees. Hulle is die plantjies uit God se saad uit!

Ons mag nooit gaan krap en soek binne in mense na die saad waaruit hulle wedergebore is nie. Dit word vandag deur die geestelikes van hierdie wêreld so gedoen: Ons moet gaan soek en krap oor wanneer is jy wedergebore gewees, ons moet gaan krap en kyk of jy regtig wedergebore is, ons moet sekerheid kry of jy wedergebore is en jy moet 'n bewys van wedergeboorte kry.

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

Kan ons dit met 'n makadamia-lood doen? Ons wil seker maak wanneer het die saad ontkiem, kyk of die plantjie regtig uit die saad uit kom, ons moet iewers 'n bewys kry dat 'n makadamia-plantjie regtig ontkiem het en sekermaak of die makadamia-plantjie regtig 'n makadamia-plantjie is.

As die plantjie bo die grond ontluik hoef jy nie nooit sulke simpel goed te doen nie, want die saad en plantjie kom uit die saad uit. Dis totaal verspot en absurd om so te kere te gaan oor of die saad ontkiem het en of die plantjie regtig uit 'n makadamia-saad ontwikkel het.

Wie in Christus glo as die Here wat ons vir God onskuldig laat wees vir ons sondes en Christus lief het in die geloof dat Hy ons halwe en gebroke liefdes deur sy Gees vir Hom heilig en reg laat wees, is wedergebore want dit is hoe mense lyk wat uit die saad van die ewangelie van Christus gebore is.

7. Die Nagmaal wys ons vanoggend hoe lyk wedergebore mense, mense wat Christus deur die saad van die ewangelie opnuut verwek het!

Dit is hulle wat die brood eet in die geloof dat Jesus se liggaam gebreek is sodat hulle sonder enige sonde of sondeskuld voor God staan. Dit is hulle wat die beker drink in die geloof dat hulle met die bloed van Jesus besprinkel is om sonder enige sondesmet en skuld te wees.

Dit is hulle wat die brood eet in die geloof dat hulle ingesluit is en deel het aan Jesus as mens se heilige en regverdige lewe en dit vir hulle so tel dat hulle lewe vol foute en gebreke, vir God reg en heilig is. Dit is hulle wat die beker ontvang en drink in die geloof dat Christus se regverdig en heilige lewe as offer uitgestort is om ons liefde vir God heilig en volkome vir God te maak.

Want dit is hoe die Petrus wat opnuut verwek en weer gebore is, nuut was: hy het homself nie meer vir God reg en heilig gemaak nie, maar geglo dat die opgestane Here Jesus deur sy offerdood hom en sy liefde vir God reg en heilig maak.

So lyk mense wat wedergebore is!

8. Is jy wedergebore?

Dit is hoe ons vandag aanhoudend gekonfronteer word met 'n baie spesifieke doel! Hierdie konfrontasie klink volgens ons voorbeeld só: elke makadamia-boompie moet eers 'n bewys van sy ontkieming kan gee, voor hy seker kan wees hy is 'n makadamia-boompie! En as hy nie hierdie bewys kan gee nie, dan is hy nie regtig 'n makadamia-boompie nie en moet hy eers wedergebore word om 'n makadamia-boompie te wees.

Hoe bewys 'n makadamia-boompie het ontkiem uit 'n makadamia-saad?

Daar is nie iets so 'n bewys van ontkieming nie. Die blote feit dat 'n makadamia-boom 'n makadamia-boom is, is die bewys. Daar kan nie 'n ander bewys wees van ontkieming as om die boom te wees wat jy is nie.

Is jy wedergebore?

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

Is jy opnuut gebore uit die saad van wedergeboorte, die gepredikte ewangelie van Jesus Christus wat gely, gesterf en uit die dood uit opgestaan is, en jou lewende hoop as mens in die hemel is, dat jy ingesluit is in wie Hy vir jou in jou plek by God is?

Wie nuut verwek is leef in die geloof – my liefde is vir God heilig gemaak deur Christus en ek is vir God onskuldig gemaak deur Christus se offerdood!

Wie so glo en leef, is wedergebore! Want hierdie mens wie só glo en God só lief het, het ontkiem uit die saad van wedergeboorte, die ewangeliewoord!

Daar is geen ander bewys van wedergeboorte anders as ons geloof in en liefde vir Jesus Christus nie.

Wie in Christus glo en Hom lief het al het hulle Hom nie gesien nie, het ontkiem en ontluk uit die saad van die ewangeliewoord.

9. Hoekom sal iemand nie wil glo dat makadamia-bome het nie uit makadamia-saad ontkiem, ontwikkel en ontluk nie?

Hoe kan iemand dit reg kry om voor so 'n boom te staan en die oordeel uit te spreek – hierdie boom het nie uit die regte saad ontkiem nie?

Hoe kan iemand voor ons as gelowiges kom staan en oor ons wie in Christus glo en Hom lief het, die oordeel uitspreek – julle is nog nie wedergebore nie?

Want hulle werk met ander saad en ander plante!

Dit moet u ontdek in hierdie verwyd teen ons as gelowiges dat ons nog nie wedergebore is nie – vir hierdie geestelikes is die saad van wedergeboorte nie die ewangeliewoord nie, dit is God self, sy goddelikheid!

Hulle glo dat God sy goddelikheid in jou plant en uit hierdie goddelikheid wat Hy binne in jou plant, moet daar 'n nuwe lewe opkom wat bestaan uit die goddelike krag, die goddelike mag, die goddelike lewe en die goddelike Persoon van God self.

Wedergebore beteken vir die geestelikes van hierdie wêreld dat God weer binne in jou gebore word en God binne in jou begin lewe en jy nie meer 'n menslike lewe leef nie.

10. Dit is mos alles wat die Woord van God vir ons leef – afgodsdien is!

Volgens ons voorbeeld klink dit só: 'n makadamia-boom moet die lewe van 'n boer leef. Hulle is net regtig die boer se bome as hulle die lewe van 'n boer leef. Want dit is mos die boer wat hulle geplant het en toe hy hulle geplant het het hy homself geplant!

Ons is nie nuut verwek deur omdat God se goddelikheid die saad is waaruit ons ontkiem nie – ons ontkiem en ontwikkel uit die ewangeliewoord van en oor Jesus se dood en opstanding vir sondears!

Ons ontkiem en ontwikkel nie uit God se goddelikheid nie!

Christene ontkiem en groei uit die ewangeliewoord

Ons leef nuut deur in Christus se onskuld vir god te leef en deur God lief te hê omdat Hy ons gebroke en halwe liefde vir Hom heilig en reg maak.

Ons leef nie met goddelike kragte, magte en lewens nie!

Die wedergeboorte van hierdie wêreld is hoe om nie meer vir God 'n mens te wees nie, maar saam met God goddelik te wees.

Watter Petrus is dit? Ek sal saam met Jesus alles wees en doen wat Hy is en as Hy eendag weg is, sal ek die nuwe Jesus vir die mense op die aarde wees?

Dit is nie die wedergebore Petrus nie. Dit is die Petrus voor sy wedergeboorte wat Jesus teengestaan het om die enigste een te wees wat vir mense se sondes ly en uit die dood uit opstaan as 'n mens, nie as 'n goddelike gees of krag in ander mense nie.

11. Die sogenaamde toets van die geestelikes oor wedergeboorte vir gelowiges is eintlik net 'n manier om die wedergeboorte van gelowiges ongeldig te verklaar. Vandag soek hierdie geestelikes 'n ander geboorte en ander lewe as die geboorte en lewe van gelowiges. Hulle soek nie 'n wedergeboorte uit die ewangeliewoord nie, maar uit 'n geboorte uit goddelike saad. Hulle wil uit God se goddelikheid wedergebore word. Uit hierdie goddelike saad wil hulle nie glo in Christus se lyding en opstanding as mens uit die dood uit en ook nie leef uit Christus wat ons halwe en gebroke liefdes volkome laat wees vir Hom nie. Hulle wil hê dat God self in mense gebore sal word om sy goddelike lewe deur hulle te leef. Só wil hulle uit God se saad gebore, goddelike mense wees.

Dit is soos 'n boer wat makadamia-saad plant en verwag dat daar klein boertjies moet opkom wat soos hy is en wanneer daar dan makadamia-bome opkom, hierdie bome uitruk en ontwortel omdat hulle nie klein boertjies is nie.

Die geestelikes van hierdie wêreld verwerp Christene se wedergeboorte uit die ewangeliewoord uit, omdat hulle klein- Jesusfigure wil wees, wat uit God se saad gebore is. Hulle verwerp en veroordeel Christene se nuwe lewe in die geloof omdat dit nie die kragdadige lewe van goddelike mense is nie, maar die dankbare lewe van mense is wat deur Christus geregverdig en geheilig is.

Hierdie geboorte uit God se saad om 'n goddelike lewe te wil leef, is die hart van alle afgodsdienste. Dit is juis die hart en lewe van mense wat nie deur die saad van die ewangeliewoord wedergebore is nie.

Ons wie glo in Christus wat ons onskuldig en heilig maak vir god, met al ons gebreke waarin ons nog, leef, is wedergebore. Hulle wat ons wedergeboorte misken, vir hulle goddelike saad en lewe, is nie wedergebore nie.